REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **50c** Local
Buitelands **70c** Other countries
Posvry • Post free

Regulasiekoerant
Regulation Gazette
No. 4186

As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer
Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 273 PRETORIA, 18 MAART / MARCH 1988 No. 11189

PROKLAMASIES

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 39, 1988

WYSIGING VAN DIE KANGWANE-GRONDWET-PROKLAMASIE, 1977 (PROKLAMASIE R. 214 VAN 1977)

Kragtens artikel 2, saamgelees met artikels 5 en 29 van die Grondwet van die Nasionale State, 1971 (Wet 21 van 1971), wysig ek hierby artikel 11 (1) van die KaNgwane-grondwetproklamasie, 1977 (Proklamasie R. 214 van 1977), soos gewysig deur Proklamasie R. 57 van 1979, Proklamasie R. 20 van 1981 en Proklamasie 129 van 1986, deur die woord "sewe" deur die woord "agt" te vervang.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vier-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

J. C. HEUNIS,
Minister van die Kabinet.

No. R. 44, 1988

WYSIGINGSWET OP BEMARKING, 1987
(WET 79 VAN 1987)

INWERKINGTREDING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 21 van die Wysigingswet op Bemarking, 1987 (Wet 79 van 1987), bepaal ek 1 April 1988 as die datum waarop genoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vierde dag van Maart Eenduisend Negehonderd Agt-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

J. J. G. WENTZEL,
Minister van die Kabinet.

PROCLAMATIONS

by the

State President of the Republic of South Africa

No. R. 39, 1988

AMENDMENT OF THE KANGWANE CONSTITUTION PROCLAMATION, 1977 (PROCLAMATION R. 214 OF 1977)

Under section 2, read with sections 5 and 29 of the National States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), I hereby amend section 11 (1) of the KaNgwane Constitution Proclamation, 1977 (Proclamation R. 214 of 1977), as amended by Proclamation R. 57 of 1979, Proclamation R. 20 of 1981 and Proclamation 129 of 1986, by the substitution for the word "seven" of the word "eight".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-fourth day of February, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

J. C. HEUNIS,
Minister of the Cabinet.

No. R. 44, 1988

MARKETING AMENDMENT ACT, 1987
(ACT 79 OF 1987)

COMMENCEMENT

By virtue of the powers vested in me by section 21 of the Marketing Amendment Act, 1987 (Act 79 of 1987), I fix 1 April 1988 as the date on which the said Act shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Fourth day of March, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

J. J. G. WENTZEL,
Minister of the Cabinet.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 519 **18 Maart 1988**

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 4 (No. 4/6)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 4 by genoemde Wet hiermee gewysig, met ingang van 29 April 1988, in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

K. D. S. DURR,
Adjunk-minister van Finansies.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 519 **18 March 1988**

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 4 (No. 4/6)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 4 to the said Act is hereby amended, with effect from 29 April 1988, to the extent set out in the Schedule hereto.

K. D. S. DURR,
Deputy Minister of Finance.

BYLAE

I	II				III	
Korting-item	Tarief-pos	Korting-kode	T. S.	Beskrywing	Mate van Korting	Annotasies
412.24				Deur kortingitem 412.24 te skrap.		

Opmerking.—Die voorsiening vir 'n korting op reg op goedere in die Republiek van Turkye geproduseer of vervaardig, en daarvandaan ingevoer, word ingetrek met ingang van 29 April 1988.

SCHEDULE

I	II				III	
Rebate Item	Tariff Heading	Rebate Code	C. D.	Description	Extent of Rebate	Annotations
412.24				By the deletion of rebate item 412.24.		

Note.—The provision for a rebate of duty on goods produced or manufactured in the Republic of Turkey, and imported therefrom, is withdrawn with effect from 29 April 1988.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID

No. R. 498 **18 Maart 1988**

KENNISGEWING INGEVOLGE KLOUSULE 67 (1) VAN DIE SUIKERNYWERHEIDOOREENKOMS, 1979

Ek, George Shepstone Bartlett, Adjunk-minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, handelende namens en in opdrag van die Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, publiseer hierby ingevolge klousule 67 (1) van die Suikernywerheidooreenkoms die suikerrietvariëteite in die tweede kolom van die Bylae hiervan gespesifiseer, welke variëteite behoorlik deur die Suikervereniging vir aanplanting gedurende die jaar wat op 1 April 1988 begin, uitsluitlik in die meulgebied of gedeelte van 'n meulgebied teenoor die gemelde variëteite in die eerste kolom van die gemelde Bylae gespesifiseer, goedgekeur is.

G. S. BARTLETT,
Adjunk-minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie.

DEPARTMENT OF TRADE AND INDUSTRY

No. R. 498 **18 March 1988**

NOTICE IN TERMS OF CLAUSE 67 (1) OF THE SUGAR INDUSTRY AGREEMENT, 1979

I, George Shepstone Bartlett, Deputy Minister of Economic Affairs and Technology, acting on behalf of and on assignment by the Minister of Economic Affairs and Technology, hereby publish in terms of clause 67 (1) of the Sugar Industry Agreement, the varieties of sugar cane specified in the second column of the Schedule hereto, which varieties have been duly approved by the Sugar Association for planting, during the year commencing 1 April 1988, exclusively in the mill area or part of a mill area specified opposite the said varieties in the first column of the said Schedule.

G. S. BARTLETT,
Deputy Minister of Economic Affairs and Technology.

BYLAE

Meulgebied	*Die suikerrietvariëteite wat behoorlik vir aanplanting uitsluitlik binne elke meulgebied goedgekeur is*
T.S.B	J59/3, N52/219, N11, N14, N17, N19 en CP66/1043.
Pongola	J59/3, N52/219, N11, N14, N17, N19 en CP66/1043.
Umfolozi-Noord	J59/3, NCo376, N11, N14, N17, N19 en CP66/1043.
Umfolozi-Suid	J59/3, NCo310, NCo376, N52/219, N8, N11, N12, N14, N17, N18, N19 en CP66/1043.

Meulgebied	*Die suikerrietvariëteite wat behoorlik vir aanplanting uitsluitlik binne elke meulgebied goedgekeur is*
Entumeni	NCo293, NCo376, N7, N11, N12, N13, N14, N16, N17 en N18.
Felixton-Noord	J59/3, NCo376, N52/219, N8, N11, N12, N14, N17 en N18.
Felixton-Suid	J59/3, NCo376, N52/219, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17 en N18.
Amatikulu	NCo376, N55/805, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 en N20.
Darnall	J59/3, NCo376, N52/219, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 en N20.
Mount Edgecombe	J59/3, NCo293, NCo376, N52/219, N7, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 en N20.
Glendale	NCo293, NCo376, N12, N13, N14, N16, N17, N18 en N20.
Gledhow	NCo310, NCo376, N55/805, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 en N20.
Maidstone	J59/3, NCo293, NCo310, NCo376, NCo382, N52/219, N55/805, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 en N20.
Noodsberg	Co331, NCo293, NCo376, NCo382, N52/219, N53/216, N6, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17 en N18.
Union Co-op	Co331, NCo293, NCo376, NCo382, N52/219, N53/216, N6, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17 en N18.
Illovo	J59/3, NCo293, NCo376, N52/219, N7, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 en N20.
Sezela	NCo310, NCo376, N55/805, N7, N8, N12, N13, N14, N16, N17, N18 en N20.
Umzimkulu	NCo293, NCo310, NCo376, N6, N7, N8, N12, N13, N14, N16, N17, N18 en N20.

SCHEDULE

Mill area	*The varieties of sugar cane which have been duly approved for planting exclusively within each mill area*
T.S.B	J59/3, N52/219, N11, N14, N17, N19 and CP66/1043.
Pongola	J59/3, N52/219, N11, N14, N17, N19 and CP66/1043.
Umfolozi North	J59/3, NCo376, N11, N14, N17, N19 and CP66/1043.
Umfolozi South	J59/3, NCo310, NCo376, N52/219, N8, N11, N12, N14, N17, N18, N19 and CP66/1043.
Entumeni	NCo293, NCo376, N7, N11, N12, N13, N14, N16, N17 and N18.
Felixton North	J59/3, NCo376, N52/219, N8, N11, N12, N14, N17 and N18.
Felixton South	J59/3, NCo376, N52/219, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17, and N18.
Amatikulu	NCo376, N55/805, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 and N20.
Darnall	J59/3, NCo376, N52/219, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 and N20.
Mount Edgecombe	J59/3, NCo293, NCo376, N52/219, N7, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 and N20.
Glendale	NCo293, NCo376, N12, N13, N14, N16, N17, N18 and N20.
Gledhow	NCo310, NCo376, N55/805, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 and N20.
Maidstone	J59/3, NCo293, NCo310, NCo376, NCo382, N52/219, N55/805, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 and N20.
Noodsberg	Co331, NCo293, NCo376, NCo382, N52/219, N53/216, N6, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17 and N18.
Union Co-op	Co331, NCo293, NCo376, NCo382, N52/219, N53/216, N6, N7, N8, N11, N12, N13, N14, N16, N17 and N18
Illovo	J59/3, NCo293, NCo376, N52/219, N7, N11, N12, N13, N14, N16, N17, N18 and N20.
Sezela	NCo310, NCo376, N55/805, N7, N8, N12, N13, N14, N16, N17, N18 and N20.
Umzimkulu	NCo293, NCo310, NCo376, N6, N7, N8, N12, N13, N14, N16, N17, N18 and N20.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 488 **18 Maart 1988**

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

VEE- EN VLEISREËLINGSKEMA.—BEHEER OOR DIE INBRING OF ONTVANG VAN SLAGVEE, VLEIS OF VLEISPRODUKTE, DIE VERKRYGING OF VERKOOP VAN SLAGVEE OF DIE SLAG VAN SLAGVEE IN BEHEERDE GEBIEDE—WYSIGING

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, maak hierby ingevolge artikel 79 (c) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), bekend dat—

(a) die Vleisraad bedoel in artikel 3 van die Vee- en Vleisreëlingskema gepubliseer by Proklamasie R. 200 van 1964, soos gewysig, kragtens artikel 15 (m) van die genoemde Skema Goewermentskennisgewing R. 2330 van 20 Desember 1968, soos gewysig, verder gewysig het in die mate in die Bylae uiteengesit; en

(b) die genoemde wysiging deur my goedgekeur is en op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

J. J. G. WENTZEL,
Minister van Landbou.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 488 **18 March 1988**

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

LIVESTOCK AND MEAT CONTROL SCHEME.—CONTROL OVER THE INTRODUCTION OR RECEIPT OF SLAUGHTER ANIMALS, MEAT OR MEAT PRODUCTS, THE ACQUISITION OR SALE OF SLAUGHTER ANIMALS OR THE SLAUGHTERING OF SLAUGHTER ANIMALS IN CONTROLLED AREAS—AMENDMENT

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, hereby make known in terms of section 79 (c) of the Marketing Act 1968 (Act 59 of 1968), that—

(a) the Meat Board referred to in section 3 of the Livestock and Meat Control Scheme published by Proclamation R. 200 of 1964, as amended, has under section 15 (m) of the said Scheme further amended, Government Notice R. 2330 of 20 December 1968, as amended, to the extent set out in the Schedule; and

(b) the said amendment has been approved by me and shall come into operation on the date of publication hereof.

J. J. G. WENTZEL,
Minister of Agriculture.

BYLAE

Die Bylae by Goewermentskennisgewing R. 2330 van 20 Desember 1968, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur klousule 8 deur die volgende klousule te vervang:

"8. 'Port Elizabeth gebied' bestaande uit die gebiede onder die beheer van die plaaslike owerhede van Port Elizabeth, Uitenhage, Despatch, Ibhayi en Kwanobuhle, soos dit van tyd tot tyd gewysig mag word, die plaas Salt Pan (Uitenhage Eiendomsgrond, Boekdeel 10, Brief 15), die plaas Coegaskop (Uitenhage Erfpag, Boekdeel 22, Brief 4), die plaas bekend as 566, die plaas Motherwell 619, asook die restant van die volgende vier plase wat nie reeds in die gebied onder die beheer van die plaaslike owerheid van Port Elizabeth val nie, by name Erf 132 Charlo (Uitenhage Erfpag 1–42), Erf 1934 Walmer (Uitenhage Erfpag 1–3), Erf 274 Lorraine (Uitenhage Erfpag 5–55) en die plaas Chelsea Nr. 24 (Uitenhage Erfpag 5–4).".

SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 2330 of 20 December 1968, as amended, is hereby further amended by the substitution for clause 8 of the following clause:

"8. 'Port Elizabeth area' consisting of the areas under the jurisdiction of the local authorities of Port Elizabeth, Uitenhage, Despatch, Ibhayi and Kwanobuhle, as may be amended from time to time, the farm Salt Pan (Uitenhage Quitrent, Volume 10, No. 15), the farm Coegaskop (Uitenhage Quitrent, Volume 22, No. 4), the farm known as 566, the farm Motherwell 619, and the remainder of the following four farms not yet under the jurisdiction of the local authority of Port Elizabeth, namely Plot 132 Charlo (Uitenhage Quitrent 1–42), Port 1934 Walmer (Uitenhage Quitrent 1–3), Plot 274 Lorraine (Uitenhage Quitrent 5–55) and the farm Chelsea No. 24 (Uitenhage Quitrent 5–4).".

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

No. R. 499 **18 Maart 1988**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

VERVOERBEDRYF—NIE-BLANKE PASSASIERS, DURBAN—HERNUWING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Direkteur: Mannekrag, behoorlik daartoe gemagtig deur die Minister van Mannekrag, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 1672 van 17 September 1976, R. 809 van 13 Mei 1977 en R. 511 van 14 Maart 1980, van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1988 eindig.

M. W. J. LE ROUX,
Direkteur: Mannekrag.

No. R. 500 **18 Maart 1988**

WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES, 1983

VRYSTELLING.—BESTUURDERS, ONDERBESTUURDERS, SENIOR BESTUURS- EN ADMINISTRATIEWE PERSONEEL, TEGNIESE EN PROFESSIONELE PERSONEEL EN VOORMANNE

Ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Mannekrag, stel hierby kragtens artikel 34 (1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983, met ingang van 1 April 1988, alle werkgewers in ondergenoemde gebiede vry van die bepalings van artikels 2 tot 5, 7 tot 11 en 20 van genoemde Wet ten opsigte van die volgende kategorieë werknemers in hul diens, naamlik bestuurders, onderbestuurders, senior bestuurs- en administratiewe personeel, tegniese en professionele personeel en voormanne, indien genoemde werknemers gereeld 'n jaarlikse beloning van minstens R24 000 in Gebied A, R22 200 in Gebied B en R20 400 in Gebied C ontvang: Met dien verstande dat enige onderhouds- en vervoertoelaes ontvang, nie as besoldiging beskou word nie.

Vir die doel van hierdie kennisgewing beteken—

(a) "Gebied A"—

Transvaal—Die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Westonaria en Wonderboom en die munisipale gebied van Witbank;

DEPARTMENT OF MANPOWER

No. R. 499 **18 March 1988**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

NON-EUROPEAN PASSENGER TRANSPORTATION TRADE, DURBAN.—RENEWAL OF MAIN AGREEMENT

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Director: Manpower, duly authorised thereto by the Minister of Manpower, hereby in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 1672 of 17 September 1976, R. 809 of 13 May 1977 and R. 511 of 14 March 1980, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1988.

M. W. J. LE ROUX,
Director: Manpower.

No. R. 500 **18 March 1988**

BASIC CONDITIONS OF EMPLOYMENT ACT, 1983

EXEMPTION.—MANAGERS, SUBMANAGERS, SENIOR MANAGERIAL AND ADMINISTRATIVE PERSONNEL, TECHNICAL AND PROFESSIONAL PERSONNEL AND FOREMEN

I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Manpower, hereby in terms of section 34 (1) of the Basic Conditions of Employment Act, 1983, exempt, with effect from 1 April 1988, all employers in the undermentioned areas from the provisions of sections 2 to 5, 7 to 11 and 20 of the said Act in respect of the following categories of employees in their employ, viz. managers, submanagers, senior managerial and administrative personnel, technical and professional personnel and foremen, if the said employees are in receipt of a regular annual remuneration of not less than R24 000 in Area A, R22 200 in Area B and R20 400 in Area C: Provided that any subsistence and transport allowances received shall not be regarded as remuneration.

For the purpose of this notice—

(a) "Area A" means—

Transvaal.—The Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Westonaria and Wonderboom and the municipal area of Witbank;

Kaapprovinsie—Die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Goodwood, Kuilsrivier, Oos-Londen, Paarl, Port Elizabeth, Simonstad, Somerset-Wes, Stellenbosch, Strand, Uitenhage, Wellington en Wynberg en die munisipale gebied van Kimberley;

Natal—Die landdrosdistrike Chatsworth, Durban, Inanda, Pinetown en Pietermaritzburg en die hele provinsie Natal slegs ten opsigte van die nywerhede vir vervaardiging en raffineer van suiker, die vervaardiging van hardebord en die vervaardiging van pulp en papier;

Oranje-Vrystaat—Die munisipale gebiede van Bloemfontein, Odendaalsrus, Sasolburg, Virginia en Welkom;

(b) "Gebied B"—

Transvaal—Die landdrosdistrikte Delmas, Hoëveldrif en Witrivier en die munisipale gebiede van Brits, Ermelo, Lichtenburg, Middelburg, Nelspruit, Pietersburg, Potgietersrus, Rustenburg en Tzaneen;

Kaapprovinsie—Die landdrosdistrikte George, Knysna, Malmesbury, Moorreesburg, Mosselbaai, Oudtshoorn, Vredenburg en Worcester en die munisipale gebiede van Grahamstad, King William's Town, Queenstown, Upington en Vryburg;

Natal—Die landdrosdistrikte Camperdown, Dannhauser, Dundee, Eshowe, Estcourt, Glencoe, Kliprivier, Lionsrivier, Lower Tugela, Lower Umfolozi, Mtunzini, Newcastle, Port Shepstone, Umzinto en Vryheid, maar nie ten opsigte van die nywerhede vir die vervaardiging en raffineer van suiker, die vervaardiging van hardebord en die vervaardiging van pulp en papier in Gebied A vermeld nie;

Oranje-Vrystaat—Die munisipale gebiede van Bethlehem, Harrismith en Kroonstad;

(c) "Gebied C" enige gebied wat nie in paragrawe (a) en (b) hiervan ingesluit is nie;

(d) "bestuurder" 'n werknemer wat deur die werkgewer belas is met die algemene toesig oor, verantwoordelikheid vir en leiding ten opsigte van die werksaamhede verrig in of op 'n perseel en die werknemers wat in verband daarmee in diens is;

(e) "onderbestuurder" 'n werknemer wat deur die werkgewer belas is met die toesig oor, verantwoordelikheid vir en leiding ten opsigte van die werksaamhede van 'n departement, afdeling of seksie van die werksaamhede verrig in of op 'n perseel en die werknemers wat in sodanige departement, afdeling of seksie in diens is;

(f) "senior bestuurs- en administratiewe personeel" werknemers wat deur die werkgewer belas is met die verrigting van werk wat verantwoordelikheid meebring vir die neem van besluite van 'n administratiewe aard by die uitvoering van enige werksaamheid;

(g) "tegniese en professionele personeel" werknemers wat deur die werkgewer belas is met die verrigting van werk van 'n tegniese of professionele aard;

(h) "voorman" 'n werknemer wat aan die hoof staan van die werknemers in 'n bedryfsinrigting of afdeling van 'n bedrysinrigting, wat beheer oor sodanige werknemers uitoefen en wat daarvoor verantwoordelik is dat hulle hul pligte doeltreffend verrig.

Goewermentskennisgewing R. 1019 wat in die *Staatskoerant* van 10 Mei 1985 gepubliseer is, word met ingang van 1 April 1988 ingetrek.

P. T. C. DU PLESSIS,

Minister van Mannekrag.

Cape Province.—The Magisterial Districts of Bellville, The Cape, Goodwood, Kuils River, East London, Paarl, Port Elizabeth, Simonstown, Somerset West, Stellenbosch, Strand, Uitenhage, Wellington and Wynberg and the municipal area of Kimberley;

Natal.—The Magisterial Districts of Chatsworth, Durban, Inanda, Pinetown and Pietermaritzburg and the whole of the Province of Natal in respect of the sugar manufacturing and refining, the hardboard manufacturing and the pulp and paper manufacturing industries only;

Orange Free State.—The municipal areas of Bloemfontein, Odendaalsrus, Sasolburg, Virginia and Welkom;

(b) "Area B" means—

Transvaal.—The Magisterial Districts of Delmas, Highveld Ridge and White River and the municipal areas of Brits, Ermelo, Lichtenburg, Middelburg, Nelspruit, Pietersburg, Potgietersrus, Rustenburg and Tzaneen;

Cape Province.—The Magisterial Districts of George, Knysna, Malmesbury, Moorreesburg, Mossel Bay, Oudtshoorn, Vredenburg and Worcester and the municipal areas of Grahamstown, King William's Town, Queenstown, Upington and Vryburg;

Natal.—The Magisterial Districts of Camperdown, Dannhauser, Dundee, Eshowe, Estcourt, Glencoe, Klip River, Lions River, Lower Tugela, Lower Umfolozi, Mtunzini, Newcastle, Port Shepstone, Umzinto and Vryheid, but not in respect of the sugar manufacturing and refining, the hardboard manufacturing and the pulp and paper manufacturing industries referred to in Area A;

Orange Free State.—The municipal areas of Bethlehem, Harrismith and Kroonstad;

(c) "Area C" means any area not included in paragraphs (a) and (b) hereof;

(d) "manager" means an employee charged by the employer with the overall supervision over, responsibility for and direction of the activities carried on in or on any premises and the employees engaged in connection therewith;

(e) "submanager" means an employee charged by the employer with the supervision over, responsibility for and direction of the activities of a department, division or section of the acitivities carried on in or on any premises and the employees engaged in such department, division or section;

(f) "senior managerial and administrative personnel" means employees who are charged by the employer with the performance of work entailing responsibility for taking decisions of an administrative nature in the conduct of any activity;

(g) "technical and professional personnel" means employees who are charged by the employer with the performance of work of a technical or professional nature;

(h) "foreman" means an employee who is in charge of the employees in an establishment or section of an establishment, who exercises control over such employees and who is responsible for the efficient performance by them of their duties.

Government Nortice R. 1019 published in the *Gazette* of 10 May 1985 shall be withdrawn with effect from 1 April 1988.

P. T. C. DU PLESSIS,

Minister of Manpower.

No. R. 501 **18 Maart 1988**

WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES, 1983

WYSIGING VAN REGULASIES

Die Minister van Mannekrag het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 37 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983 (Wet 3 van 1983), die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1148 van 3 Junie 1983, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1056 van 25 Mei 1984 en R. 1018 van 10 Mei 1985, met ingang van 1 April 1988 gewysig soos uiteengesit in die Bylae hiervan.

BYLAE

1. Regulasie 1 (2) van die regulasies word hierby gewysig deur in paragraaf (f) "Moorreesburg" voor "Namakwaland" in te voeg.

2. Regulasie 2 van die regulasies word hierby gewysig—

(a) deur in subregulasie (1) "R18 600", "R17 160" en "R15 840" deur onderskeidelik "R24 000", "R22 200" en "R20 400" te vervang; en

(b) deur in paragraaf (b) van subregulasie (3) "Moorreesburg" voor "Mosselbaai" in te voeg.

No. R. 501 **18 March 1988**

BASIC CONDITIONS OF EMPLOYMENT ACT, 1983

AMENDMENT OF REGULATIONS

The Minister of Manpower has, by virtue of the powers vested in him by section 37 of the Basic Conditions of Employment Act, 1983 (Act 3 of 1983), amended the regulations published under Government Notice R. 1148 of 3 June 1983, as amended by Government Notices R. 1056 of 25 May 1984 and R. 1018 of 10 May 1985, with effect from 1 April 1988, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. Regulation 1 (2) of the regulations is hereby amended by the insertion in paragraph (f) of "Moorreesburg" before "Namaqualand".

2. Regulation 2 of the regulations is hereby amended—

(a) by the substitution in subregulation (1) of "R24 000", "R22 200" and "R20 400" for "R18 600", "R17 160" and "R15 840", respectively; and

(b) by the insertion in paragraph (b) of subregulation (3) of "Moorreesburg" before "Mossel Bay".

Spaar 'n druppel — en vul die dam

Indien almal van ons besparingsbewus optree, besnoei ons nie slegs uitgawes nie maar wen ook ten opsigte van ons kosbare water- en elektrisiteitsvoorraad

Save a drop — and save a million

Water conservation is very important to the community and industry to ensure their survival. So save water!

Help om ons land, Suid-Afrika, skoon te hou!

Please keep our country, South Africa, clean!

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
	PROKLAMASIES		
R. 39	Grondwet van die Nasionale State (21/1971): Wysiging van die KaNgwane-grondwetproklamasie, 1977	1	11189
R. 44	Wysigingswet op Bemarking (79/1987): Inwerkingtreding	1	11189
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
	Finansies, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 519	Doeane- en Aksynswet (91/1964): Wysiging van Bylae 4 (No. 4/6)	2	11189
	Handel en Nywerheid, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 498	Kennisgewing ingevolge klousule 67 (1) van die Suikernywerheidsooreenkoms, 1979	2	11189
	Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 488	Bemarkingswet (59/1968): Vee- en Vleisreëlingskema: Beheer oor die inbring of ontvang van slagvee, vleis of vleisprodukte, die verkryging of verkoop van slagvee of die slag van slagvee in beheerde gebiede: Wysiging	3	11189
	Mannekrag, Departement van		
	Goewermentskennisgewings		
R. 499	Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Vervoerbedryf—Nie-Blanke Passasiers, Durban: Hernuwing van Hoofooreenkoms	4	11189
R. 500	Wet op Basiese Diensvoorwaardes (3/1983): Vrystelling: Bestuurders, onderbestuurders, senior bestuurs- en administratiewe personeel, tegniese en professionele personeel en voormanne	4	11189
R. 501	do.: Wysiging van regulasies	6	11189

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	PROCLAMATIONS		
R. 39	National States Constitution Act (21/1971): Amendment of the KaNgwane Constitution Proclamation, 1977	1	11189
R. 44	Marketing Amendment Act (79/1987): Commencement	1	11189
	GOVERNMENT NOTICES		
	Agricultural Economics and Marketing, Department of		
	Government Notice		
R. 488	Marketing Act (59/1968): Livestock and Meat Control Scheme: Control over the introduction or receipt of slaughter animals, meat or meat products, the acquisition or sale of slaughter animals or the slaughtering of slaughter animals in controlled areas: Amendment	3	11189
	Finance, Department of		
	Government Notice		
R. 519	Customs and Excise Act (91/1964): Amendment of Schedule 4 (No. 4/6)	2	11189
	Manpower, Department of		
	Government Notices		
R. 499	Labour Relations Act (28/1956): Non-European Passenger Transportation Trade, Durban: Renewal of Main Agreement	4	11189
R. 500	Basic Conditions of Employment Act (3/1983): Exemption: Managers, submanagers, senior managerial and administrative personnel, technical and professional personnel and foremen	4	11189
R501	do.: Amendment of Regulations	6	11189
	Trade and Industry, Department of		
	Government Notice		
R. 498	Notice in terms of clause 67 (1) of the Sugar Industry Agreement, 1979	2	11189

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267